

LOUW PRETORIUS VAN RHEEBOKSFONTEIN

deur Celestine Pretorius

Terwyl mev. M.E.Pretorius aan haar boek oor die familie Pretorius in Suid-Afrika [1] gewerk het, het sy my aandag gevestig op die feit dat die titel van die bekende skildery van Thomas Baines van die interieur van Louw Pretorius se plaaswoning op Rheebofsfontein (1848) [2] foutief is. Baines het geskryf dat dit die woning van *Louis* Pretorius is in plaas van *Louw* Pretorius. Louw Pretorius het weer onder my aandag gekom toe ek op sy en sy vader se versierde geslagsregisters in die Nasionale Argief in Pretoria afgekom het. [3] Waarskynlik het die geslagsregisters in dié argief beland omdat Louw se ouma 'n suster van die bekende Trekkeleier, Andries Pretorius was. [4] Die geslagsregister van Louw Pretorius se vader Willem Jacobus en sy kinders, is deur die bekende volkskunstenaar uit Cradock se omgewing, Hendrik Penninghof, opgestel en kleurrik versier.[5]

Wie was Louw Pretorius?

Johannes Lodewikus (Louw) Pretorius (b5c3d6e1f2g1) was die oudste seun van Willem Jacobus Pretorius en sy vrou Catharina Maria Magdalena Marais en is op 3 Oktober 1815 op die plaas Hartfontein, in die veldkornetskap Klaas Smitsrivier gebore. Hy is op 3 Mei 1834 met Hester Maria van Heerden (b1c5d3e4f1g3) getroud. Op hulle geslagsregister kom die name van hulle tien kinders voor – drie van wie jonk oorlede is. [6] Louw Pretorius is op 15 September 1890 op die plaas Varkenskuilen in die distrik Tarka – die plaas van sy seun Willem Jacobus Pretorius – oorlede.[7]

Rheebofsfontein

Die bekende Africana-kunstenaar Thomas Baines het in sy eerste reisbeskrywing [8] onder meer beskryf hoe hy op sy reis van Grahamstad af na die binneland deur die Klaas Smitsrivier- veldkornetskap in Cradock se omgewing, op Louw Pretorius se plaas Rheebofsfontein afgekom het. Die plaas was ongeveer halfpad tussen die huidige Queenstown en Sterkström geleë. Baines skryf dat daar verskeie geboue van klei, riethutte en veekrale van doringtakke op die werf was. Daar was ook drie waens. Pretorius het aan Baines vertel dat sy plaas buite die grense van die Kaapkolonie geleë was en dat hy dit van die Swartes



vir ses osse per jaar gehuur het. Op die skildery is ses persone aanwesig: behalwe Louw en Baines is daar mev. Pretorius (Hester Maria van Heerden), 'n Khoi-man (waarskynlik die veewagter of wadrywer) en 'n swart bediende met 'n kind op die rug - volgens Baines 'n

Tamboekie. [9] Baines beskryf Hester Pretorius as 'n "comely and corpulent dame".

Op die skildery sien 'n mens hoe Louw Pretorius vir Baines 'n dop skink. Omdat Baines nie sterk drank gebruik het nie, het hy die glas blykbaar net aan sy lippe gebring en weer neergesit tot die stomme verbasing van die aanwesiges. Aan die ongeskaafde dakbalke hang velle, rieme en droë mielies wat aan die blare opgehang is. Die veewagter sit op 'n groot kis. In die hoek van die voorhuis is 'n klomp gewere - volgens Baines "a pile of immense roers". Baines self het 'n ligte geweer, net groot genoeg om te jag vir die pot. Bokant die gewere hang die kruithorings. Op die tafel is 'n mandjie en 'n oopgesnyde waatlemoen. Dit is opvallend dat slegs Baines sy hoed afgehaal het; dit lê op die kis. Die ander het volgens gewoonte almal hoofbedekkings op.

'n Mens voel amper of jy self by Louw Pretorius-hulle gekuier het.

Vir die toegewyde genealoog is Genealogie meer as 'n lys van name en datums. Agter elke naam skuil 'n mens, agter elke datum 'n gebeurtenis. In dié opsig is argiewe en museums - ook kunsmuseums - 'n onmisbare bron van inligting. In private besit vind 'n mens soms nog voorbeelde van fraai versierde geslagsregisters, maar dit is 'n skat wat vinnig besig is om te verdwyn.

[1] M.E.Pretorius, *PRETORIUS oor drie eeue* (Ndabeni, 1992).

[2] Die bekende skildery van Thomas Baines word in die Museum Africa in Johannesburg bewaar. Die titel is "House of Louis Pretorius Rhiboksfontein Claas Smits River Wednesday April 26. 'n Afdruk is te vinde in M.E.Pretorius, *PRETORIUS oor drie eeue*, p.618.

[3] Nasionale Argief, Pretoria: A291.

[4] M.E.Pretorius, *PRETORIUS oor drie eeue* (Ndabeni, 1992), p. 615.

[5] J.Celestine Pretorius, Hendrik Penninghof, die volkskunstenaar van Roodewal, *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 1995 9(1).

[6] Nasionale Argief, Pretoria: A291. Geslagsregister van Johannes Lodewikus Pretorius.

[7] M.E.Pretorius, *PRETORIUS oor drie eeue*, p. 617.

[8] Thomas Baines, *Journal of a Residence in Africa 1842-1853* (Van Riebeeck Vereniging, Kaapstad, 1961), p.86. 'n Kaart van die omgewing is te vinde in M.E.Pretorius, *PRETORIUS drie eeue*, p.619.

[9] *Journal of a Residence ...*, p.85n. Dit was blykbaar die naam van die koloniste vir lede van die Tembustam.